



Gesinne in Harmonie

Volume 10, Januarie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Liewe Ouers,

Op die vooraand van 2012 en sonder dat ons weet wat hierdie nuwe jaar vir ons inhou -

- kyk ons met oë van geloof op na God, omdat ons weet dat Hy alreeds in die toekoms is
- dra ons ons families op aan die Vader wat ons beskermend toevou in Sy arms
- weet ons dat Hy in beheer is in ons goeie en slegte tye
- sê ons dankie vir nog 'n lewensjaar wat vir ons uit Sy genade toegevoeg is
- maak ons ons reg vir nog 'n jaar vol avonture saam met

Hom!

Dis nogal 'n gewoonte by baie mense om lysies aan die begin van 'n nuwe jaar te maak met voornemens vir dinge wat gedoen (of voltooi) moet word.

Ek hou ook daarvan om lysies te maak - gewoonlik is die lekkerste een die een waarop ek alles afmerk wat reeds gedoen is!

Op SABC2 se Nuus om 19:00 op 19 Desember 2011 het hulle vir Kersvader in Lapland gevra waarvoor kinders hierdie jaar gewens het. Sy antwoord?

Kinders wens al hoe minder vir speelgoed en al hoe meer vir vrede in hul huise, beter omstandighede, genoeg kos,

veiligheid, gesonde families en 'n groener omgewing of selfs 'n gesonder osoonlaag.

Besef julle wat dit beteken? Ons kinders wens vir geborgenheid en sekuriteit - dit wat eintlik die basiese behoeftes is waarin ouers en families moet voorsien.

Kom ons maak dit ons enigste item op ons wenslys vir 2012:

Om aan ons kinders die Christus-geborgenheid te gee wat hulle toekom.

Saam in Sy diens,

Lita

NS: Kontak ons gerus deur middel van die details op die agterblad.

Notas vir die yskas

Kleuterkerk en Junior Kategese begin op 22 Januarie 2012

Registrasie begin 08:30 in die kerkzaal

Registrasievorms is op die webblad beskikbaar, maar daar sal ook vorms in die saal wees.

Registrasiefooi van R10 is vrywillig!

Ons gebruik dit om papier, verf, gekleurde karton, potlode en kryte aan te koop vir die jaar se aktiwiteite.

'n Tyd vir oorloë, aardbewings, ens

Eienaardig genoeg is die Desember-feestyd gekenmerk deur berigte van oorloë, vloede, aardbewings en leed - of sou mens liever daarby voeg '...en gerugte van oorloë'?

Onwillekeurig dink 'n mens aan die voorspellings van die eindtyd in die Bybel as jy die koerante lees en bewus word van wat in die wêreld aangaan.

Irak...

Op 14 Desember 2011 het die laaste Amerikaanse troepe uit Irak getrek - die simboliese einde van 'n oorlog wat byna nege jaar geduur het en waartydens sowat 4500 Amerikaners en sowat 60 000 Irakkese gesterf het.

Hoewel min van ons enigiets met hierdie oorlog te doen het, voel 'n mens tog dankbaar ter wille van die soldate wat uiteindelik vir Kersfees by die huis gaan wees saam met hul families.

Terselfdertyd dink mens met weemoed aan die ouers en families van die 64 500 soldate wat in die oorlog die afgelope nege jaar gesterf het.

Kyk wat sê die VSA se President Obama in sy toespraak in Noord-Carolina:

Uit Nuus24 se berig op 15 Desember 2011:

'As jul opperbevelhebber en namens 'n

dankbare volk is ek trots om uiteindelik dié twee woorde te kan uiter: welkom tuis, welkom tuis, welkom tuis,' het hy onder luide toejuiging aan duisende troepe in 'n vliegtuigloods gesê."

(Lees dieselfde berig op News24 - <http://www.news24.com/World/News/Iraq-war-cost-1-trillion-20111214>)

Noord-Korea...

Twee dae later sterf die leier van Noord-Korea, Kim Jong-Un en op dieselfde dag doen dié land kort-afstand missieltoetse, sê dat hulle gereed is vir 'n genadelose oorlog en hou Suid-Korea (en Amerika ter ondersteuning) hul asem op en kry hulself reg vir enige militêre gebeurlikhede. (Lees meer op Nuus24: <http://afrikaans.news24.com/Tags/Places/noord-korea>)

Duitsland...

'n Rotsstorting op die eiland Ruegen eis die lewe van 'n 10-jarige meisie, haar moeder en 14-jarige suster is ernstig beseer. (<http://www.news24.com/World/News/German-rockslide-rescue-efforts-end-20111227>)

Afrika...

Op Kersdag ontplof 'n bom in 'n kerk in Damaturu, Nigerië en 40 mense brand dood. Nog een ontplof in 'n kerk naby Abudja...

(Lees op Nuus24: <http://www.news24.com/Africa/News/Christmas-attacks-fear-grips-Nigeria-20111226>)

Ons sien uit daarna om al die Mamas en Pappas te sien - kom gerus om jou kind se kategeet te ontmoet en te sien waar sy/haar klassie gaan wees!

Manne-Oase

Kom deel jou ervaringe, vrese, vreugdes en vrae met ander soos jy en leer wat God van jou as man verwag en hoe jy Sy riglyne vir mans prakties in jou lewe kan toepas!

• **Elke eerste Maandag van 'n maand om 18:30 in die Oase**

• **6 Februarie 2011**

LW:

Tye word nie op die gemeente se kalender aangedui nie, maar dit sal op die webblad wees!



Gesinne in Harmonie

Volume 10, Januarie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Die Filippyne...

Vloede eis die lewens van meer as 1500 mense in die suide van die Filippyne (<http://www.news24.com/World/News/Philippine-floods-death-toll-hits-1-500-20111227>)

Down Under...

In Christchurch, Nieu-Seeland word 7500 aardbewings getel van September tot Desember (<http://www.news24.com/World/News/Christchurch-records-7-500->

[earthquakes-20110718](http://www.news24.com/World/News/Christchurch-records-7-500-earthquakes-20110718))

So, hoe bly ek positief in so 'n stukkende wêreld?

Ek tel my seëninge, bid vir dié wat swaarkry en glo dat God steeds in beheer is en dat al hierdie dinge uiteindelik in Sy plan vir die wêreld pas, al verstaan ek dit nie.

Ek bly vashou aan die Hoop, glo in dit wat ek nie kan sien nie en in die wete dat God weet wat Hy vir my beplan!

Ek bly glo dat Hy elke nuwe môre vir my nuut gee en steeds in beheer van my lewe en dié van my dierbares is.

En omdat ek Hom ken, weet ek dat Hy my liefhet, ten spyte daarvan dat ek 'n sondige mens is en juis daarom vir my spesiaal nie net die Kindjie in die krip gestuur het nie, maar ook Sy Enigste Seun ter wille van my geoffer het.

Ek bly glo, want ek ken my God!

Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. Tree altyd toepaslik op

- Anoniem -

Nuwejaarsvoornemens

Ja, 'n Nuwejaar sonder nuwe voornemens of lysies van wat ek wil bereik of doen of verander in die loop van die jaar, sal sekerlik nie heeltemal dieselfde wees nie.

Soos ek genoem het, is ek juis een van dié wat daarvan hou om lysies te maak. Die lekkerste daarvan is vir my om aan die begin van die jaar 'n nuwe mooi skoon joernaal te vat en 'n paar lysies op te stel:

- Boeke wat ek nog wil koop / moet lees
- CDs / DVDs
- Huisdinge (wat gedoen moet word)
- Plekke wat ek nog wil besoek
- Idees vir die kindertafel by die

kermis

Natuurlik is die meeste hiervan net vir my eie oë bedoel, maar dit kom ook baie handig te pas as jy in die winkel is en 'n mooi boek sien, maar nie weet of jy dit alreeds het nie!

Hoe ouer mens mos word, hoe minder het jy nodig en boonop kan jy nie altyd onthou of jy reeds iets het en of jy dit vir iemand anders gekoop het nie!

Een van my vriende sê nou die dag dat daar net een som is waarvan die antwoord altyd verander:

- Dit is wanneer ek my seëninge tel.

Dus is my nuwejaarsvoorneme vir 2012 om aan te hou tel aan al my

seëninge wat God oor my uitgiet!

God seën ons so oorfloedig met vriende, die voorreg om die voëls te hoor sing, gesondheid, sonskyn na die heerlike somerreëns, die lag van kinders in en om die huis, die voorreg om Kersgeskenke te kon deel, elke nuwe môre, en so kan ons aangaan.

Om doelbewus daarop te fokus om al dié seëninge raak te sien, sal ons ook help om in dankbaarheid te leef en minder te kla, meer na ander uit te reik en minder selfsugtig te wees, meer DANKIE te sê en minder te vra.

Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly

Psalm 126:3

Geborgenheid vir ons kinders

Het jy al gewonder:

Hoe leer ek my kind om geborge en veilig te voel en veral om Christus-geborgenheid te ervaar?

Jy is nie die enigste een nie!

Daar is baie Christen-ouers wat met hierdie vraag worstel en heelwat artikels is reeds hieroor geskryf.

Die wêreld met al sy oorloë, gebrek aan sedes, vinige ontwikkeling op tegnologiese gebied, en die algemene verswakking van moraliteit is vir menige ouer 'n bron van kommer.

Dit is nie maklik om kinders groot te maak met Christelike en waardes as hulle die hele tyd moet leef in 'n wêreld waar als gelykgestel word en aanvaarbaar is nie.

In die tydskrif *Juig!* was daar in Desember 2010 'n artikel oor *Geborge Kinders in 'n Moeilike Wêreld*.

Dié artikel lê die skuld vir ons skugter en angsbevange kinders hoofsaaklik voor die deur van oorbekermende ouers.

Volgens die skrywer probeer ouers alles vir hul kinders doen en die kinders word dus nooit geleer om verantwoordelik en selfversekerd op te tree nie.

Een van die dinge wat ook genoem word, is dat Christen-kinders grootgemaak word om insiklik en onderdanig te wees, maar nooit geleer word wat dit werklik beteken nie.

Christus het onderdanigheid voorgestaan, maar mens moet dit in konteks lees: Hy was net aan Sy Vader se wil onderdanig. Dit het nie van Hom 'n vloerlap vir ander gemaak nie en Hy het nie konflik vermy waar dit oor beginselsake gegaan het nie.

Wanneer ons dus ons kinders leer om selfversekerd op te tree, moet hulle weet wie hulle in Christus is. Hulle moet dus van kleins af geleer word dat hulle 'n identiteit in Jesus Christus het en nie nodig het om onseker te wees van wie hulle is nie.

Every
Christian family
ought to be
as it were a little
church consecrated to
Christ,
and wholly influenced
and governed
by His Laws
Jonathan Edwards

Maar ek en my huis,
Ons sal die Here dien
Josua 24:15

If the family
were a fruit,
it would be an orange,
a circle of sections,
held together
but separable -
each segment distinct

Letty Cottin Pogrebin



Gesinne in Harmonie

Volume 10, Januarie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Dit is natuurlik net moontlik indien ons as ouers self weet wie ons in Christus is.

Wat beteken geborgenheid in Christus vir my as ouer?

Dit beteken dat ek weet dat God my gemaak en uitverkies het en dat Hy my bystaan en help groei deur die lewe.

Hy is nog nie klaar met my nie!

Ek is nie volmaak nie, maar ek hoef nie met 'n 'jammer-dat-ek-leef-houding' deur die lewe te gaan nie.

Hy het my 'n identiteit gegee en 'n vrye wil om keuses uit te oefen en om op te staan vir wat reg is.

Hy rus my toe om te groei vir elke taak wat oor my padkom.

Hy rus my dus ook toe om my kinders as emosioneel-geborge kinders groot te maak - kinders wat weet wie hulle is in Christus, omdat hul ouers dit weet en dit uitleef.

Kinders moet van kleins af leer om self hul gevoelens uit te druk of te verwoord, self dinge aan te pak, hul eie foute te maak en die gevolge daarvan ook te dra.

Ons kan ons kinders nie teen die lewe beskerm nie, maar ons kan hulle toerus soos die Vader ons toerus om dinge op die regte manier te hanteer en te verwerk.

Positiewe karaktereieenskappe soos vrymoedigheid, integriteit en sorgsaamheid leer kinders werklik net aan wanneer hulle sien dat dit moontlik is om uitgeleef te word.

Dit beteken dat ons as ouers vir hulle daaglik 'n voorbeeld moet wees in die uitleef van dieselfde eienskappe.

Ons is immers ons kinders se vernaamste rolmodelle.

Het jy al opgelet hoe kinders van vroeg af hul ouers na-aap? Totdat die kind skool toe gaan, is Pa en Ma se woord wet en kan geen ander kind se ouers daarmee kompeteer nie!

Besef jy hoe groot die rol is wat jy werklik in jou kind se lewe speel? Besef jy regtig hoe fyn hulle jou dophou en hoe jou gedrag op die ou einde bepaal watter soort kinders jy het?

Natuurlik moet kinders beskerm word teen onvermydelike uitdagings en

teenspoed wanneer hulle nog nie die oordeelsvermoë het om sodanige probleme raak te sien nie.

Natuurlik moet kinders grense hê.

MAAR:

- Kinders moenie versmoor word nie
- Hulle moet leer waar hul grense is en dat reëls daar is vir hul beskerming
- Hulle moet leer dat hulle altyd 'n keuse het - selfs al is die keuse net hul houding op 'n bepaalde tyd
- Hulle moet leer om ander te aanvaar en medelye met ander te hê
- Hulle moet leer wie hulle in Christus is
- Hulle moet leer dat hul ouers hul ten spyte van hul tekortkominge liefhet en koester, want God het ons ook lief ten spyte van ons eie tekortkominge

(Lees gerus die volledige artikel op: <http://www.juig.co.za/article.php?id=110>)

It Is Better to Build Children Than to Mend Adults

If a child lives with...

criticism, a child learns to condemn.

hostility, a child learns to fight.

fear, a child learns to be apprehensive.

pity, a child learns to feel sorry for him or herself.

jealousy, a child learns to feel guilty.

tolerance, a child learns to be patient.

encouragement, a child learns to be confident.

praise, a child learns to be appreciative.

recognition, a child learns it is good to have a goal.

approval, a child learns to like him or herself.

honesty, a child learns what truth is.

fairness, a child learns justice.

acceptance, a child learns to love.

security, a child learns to have faith in him or herself and those about him or her.

friendliness, a child learns the world is a nice place in which to live.

Norman Alcohol Center in Norman, OK

Vir die nuwe Graad 1 - ouers:

Dear Teacher,

I am sending you my most precious possession today,

Trusting in your care what to do and say,

Be gentle and loving and encourage him too,

I'm trusting in you to know what to do,

Show him things and let him draw,

So he'll remember the things he saw,

Let him jump and run and play,

He'll tell us all about his day,

Let him do things on his own too,

But please help him when he looks to you,

Give him a hug and smile a lot,

Memories of you will never be forgot.

A Loving Parent,

Renee H. Davis



Gesinne in Harmonie

Volume 10, Januarie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Boekwurms

Jy is wat jy lees!
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

Fliekvlooi

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

Lysies vir die Lewe

'n Lekkerlees lysie-boekie wat deur Struik Christelike Geskenke uitgegee is in 2008.

ISBN 978-1-4153-0366-5

Prys: Tussen R60 en R70



'n Pragtige geskenkboekie met idees vir elke seisoen.

Die inleiding sê: "Sit sprinkel in 'n doodgewone dag met voorstelle vir elke seisoen van die jaar - vreugdevolle somer; nadenkende herfs; versterkende winter of die nuwe begin van lente.

Lysies vir die Lewe sal jou help om genot te put uit elke terrein van jou lewe - jou vriendskappe, finansies, kreatiwiteit, klerekas, lewenstyl en baie meer. Dit bevat voorstelle om jou deur swaarkrytjie te help, blink planne vir prettige dinge om te doen wanneer jy inspirasie nodig het en idees vir wanneer joune opraak.

Dit is nie bedoel om volledige lysies vir elke onderwerp te wees nie, maar as 'n vonk om jou verbeelding te laat vlamvat, jou kreatiwiteit 'n hupstoot te gee en 'n vaal dag op te kikker.

Snuffel deur die verskeie onderwerpe, geniet die aanhalings, probeer sommige van die idees en deel daarvan met jou vriende. En wanneer jy klaar het, is dit jou beurt om met 'n paar vindingryke lysies van jou eie vorendag te kom..."

Ek het die boekie vir Kersfees gekry en geniet dit om daardeur te blaai. Die bladuitleg is vrolik en prakties gedoen met die lysies in 'bullet'-formaat, wat dit baie maklik maak om te lees.

Die hele boekie fokus op 'n positiewe uitkyk op die lewe en daar is werklik die mooiste aanhalings dwarsdeur al die lysies gevleg.

Die indeling van die onderwerpe in die verskillende seisoene word pragtig volgehou dwarsdeur die boekie, sonder dat mens dit agterkom - dit lees in elk geval so lekker, dat mens nie vir 'n spesifieke seisoen hoef te wag om die lysies te lees nie!

'n Uitstekende geskenk om vir enige vrou van 16 tot 100 enige tyd van die jaar te gee!

Besoek ons gemeente se webwerf.

Kyk onder -

Die Koffiepot

vir Volume 1-3 van Ouers in Harmonie en nou Gesinne in Harmonie!



Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: mootcare@vodamail.co.za

Gesinne in Harmonie Ondersteuningsgroep

'n Ondersteuningsgroep vir ons ouers van nou af een maal per maand in die Oase!

Ja, Ds Leon van Heerden en Ds Leon Tait sal elke maand 'n aand afstaan om tot ons ouers se beskikking te wees.

Ons wil al ons ouers in die gemeente aanmoedig om hul ouerskapondervindinge, hul vroe en vrese, en ook hul vreugdes te kom deel.

- Dinsdag, 31 Januarie om 18:30 in die Oase

Gesinne in Harmonie Eredienste

Moenie ons spesiale gesinsdienste een maal per kwartaal misloop nie! Dis jou geleentheid om saam met jou kinders as 'n gesin die erediens by te woon!

- Sondag, 11 Maart 2012 om 09:00

Peet Dorfling

Telefoonnommer:

084 464 7102

Epos:

peetd@productivitysa.co.za

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:

071 6488 656

Epos:

basson.geldenhuys@dpw.gov.za

Oase vir Manne

Pieter Barnard

Telefoonnommer:

082 4441 112

Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnommer:

082 494 7835

brendabarnard1@gmail.com

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:

082 453 8421

Epos:

Duiemlita@gmail.com